

***Alien Acacia species***

**wattels**

**wattles, mimosas,**

***Acacia mearnsii*..... swartwattel / black wattle**

*Acacia dealbata*..... silwerwattel / silver wattle

*Acacia decurrens*..... groen wattel / green wattle



***Acacia mearnsii* – swart wattel: boom en blomme**

**Beskrywing:** Hierdie 3 spesies is ook doringloos, soos almal, behalwe een van die 960 – eienaardig verkeerd benoemde akasias of wattels van Australasië ('verkeerd benoem' omdat die word akasia afgelei is van die Griekse word *akis*, wat skerp punt – i.e. dorings – soos aangetref op alle Afrika *akasia* spesies; noord-Afrika – die tipiese voorkoms van die genus). *A. mearnsii*, die vernaamste van die drie, is 'n immergroen boom van tot 5m hoog, met 'n donker stam, loot-ente wat vlak geriffel is en wat oral met fyn haartjies bedek is. Uitbultende kliere kom op en tussen die aanhegting van blaarpare voor. Blare is donker olyfgroen en dubbelveervormig saamgesteld met kort, opgehoopte blaartjies. Blomme is liggeel of room balle, gedra as groot geurige blomkoppe in Julie – September. Vrugte is donkerbruin peule, gewoonlik duidelik ingesnoer. *A. decurrens* is byna haarloos en die blare is heldergroen in vergelyking met *A. mearnsii*, met heldergeel blomballe en harige, bruin, effe ingesnoerde peule. *A. dealbata*, wat maklik met *A. mearnsii* verwar word, het loot-ente wat grys of pers getint is, maar met kliere wat net by aanhegting van blaarpare voorkom, met silwergrys blare en gryserig tot persbruin peule, wat effe ingesnoer is.

**NB:** Wees versigtig om nie hierdie uitheimse wattelspesies te verwar met die inheemse huilboom, *Peltophorum africanum* nie. Laasgenoemde het 'n effens soortgelyke voorkoms, veral as dit blom. Die stam van *P. africanum* is bruiner as die van die uitheimse wattels en mees kenmerkend, word die geel blomme in groot massas met kelkblare en peule gedra en nie in balle nie.

**Oorsprong:** Van die 18 uitheimse akasia spesies of wattels wat vanaf Australasië / Suidoos-Asië in Suid-Afrika gevestig is en verbou word vir hout, skuiling en vuurmaakhout, kom net drie in noemenswaardige getalle in die Waterberg voor en al drie is verklaarde indringers en onkruid. *A. mearnsii* is in die 19e eeu in KZN gevestig vir looisuurproduksie, vir gebruik in die leerbedryf; ook as hout. Dit word steeds kommersieel verbou, anders as die ander twee spesies, *A. dealbata* (wat lyk na *A. mearnsii*) en *A. decurrens*, wat beide waarskynlik per ongeluk gevestig is.

**Voorkoms:** Al drie wattels – maar veral *A. mearnsii*, die swart wattel, is aggressiewe indringers van grasvelde, inheemse woude, kante van die paaie en in die Waterberg, veral waterweë, hoewel *A. decurrens* minder algemeen is. Plaaslike biodiversiteit word ernstig deur hul bedreig.

**Waarom is hul 'n probleem:** Hierdie uitheemse indringerspesies veroorsaak die verdringing en uioeiing van inheemse spesies. Netsoos bloekom- en populierbome, lei hul tot verstikking en opdroging van waterweë en kan in digte groei lei tot ernstige brandgevaar. *A. mearnsii* word bo-aan die lys van die “*World’s Worst Invasive Species*” beskou.

**Uitroei-/Beheermetodes:** Langtermyn uitroei van wattels is moeilik, omdat hul dikwels suierlote vorm en baie sade produseer wat vir dekades dormant kan bly. Die sade word doeltreffend deur water vervoer en vuur stimuleer ontkieming daarvan. Die spesies is vatbaar vir fisiese en onkruidodderbeheer, maar omdat dit maklik hergroeï en die geneigdheid van saailinge om te ontkiem in sonligtoestande, vereis herhaalde aandag en onkruidodertoediening. Plante moet nie afgekap of gebrand word sonder onmiddellike opvolg met onkruidodders nie. Die mees suksesvolle benadering is 'n kombinasie van meganiese en chemiese aanval, tesame met volhoubare beheer.

Verskeie onkruidodders is geregistreer vir gebruik teen *Acacia sp.*: net vir *A. mearnsii*, is byna 60 soort produkte beskikbaar, te veel om hier te noem. Die meeste is gebaseer op een van die volgende aktiewe bestanddele:

- Aminopyralid/triclopyr (verskeie formulasies): *A. mearnsii*
- \*Bromacil 500g/l SC: *A. mearnsii*, *A. dealbata*
- \*Bromacil/tebuthiuron 250/250 g/l SC: *A. mearnsii*, *A. dealbata*
- Clopyralid/triclopyr 90/270 g/l SL: *A. mearnsii*
- Fluroxypyr (verskeie formulasies): *A. mearnsii*
- Glyphosate (verskeie formulasies): *A. mearnsii*, (*A. dealbata*)
- Imazapyr 100 g/l SL: *A. mearnsii*
- Picloram 240 g/l SL: *A. dealbata*, *A. mearnsii*
- \*Tebuthiuron 500 g/l SC: *A. mearnsii*
- Triclopyr (verskeie formulasies): *A. dealbata*, *A. mearnsii*, *A. decurrens*

Raadpleeg jou naaste onkruidodderspesialis vir inligting oor die mees geskikte soort geregistreerde produk beskikbaar. sien ook Van Zyl (2012).

**\*NB:** onkruidodders wat bromacil of tebuthiuron bevat, moet baie versigtig toegedien word, verkieslik alleenlik onder die toesig van 'n onkruidodderspesialis. Albei bestanddele is grondsterilante en kan omliggende houtagtige plantegroei vir baie jare na toediening steeds beskadig. Alle onkruidodders moet vroeg in die groeiseisoen toegedien word. Neem kennis dat alle onkruidodders gebruik moet word nadat dit vars gemeng is (moenie oornag laat staan nie).

**NB: Volg die instruksies op die onkruidodderetiket noukeurig.** Baie onkruidodders kan giftig wees vir ander plante en/of wilde of mak diere indien nie korrek toegedien nie. (Verkeerde gebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Act No. 36 van 1947).

#### **Bronnelys:**

ARC-LNR Weeds & Invasive Plants website: [www.agis.agric.za/wip](http://www.agis.agric.za/wip)

ARC-LNR SAPIA News No.8, July 2008; No.28, April 2013: ARC – Plant Protection Research Institute, Pretoria. [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria.

Schmidt, Ernst, Mervyn Lotter & Warren McClelland (2007): *Trees and Shrubs of Mpumalanga and Kruger National Park* (2<sup>nd</sup> Edition). Jacana, Johannesburg.

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds & Invasive Plants*. Agricultural Research Council (ARC), Pretoria.

Van Zyl, Kathy, (compiler) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy, (compiler) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand [info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za)

Spesiale dank aan **Dr Gerhard Verdoorn** van Griffon Poison Information Centre, aan **Mr Ferdie Jordaan** van Arysta Lifescience en aan **Ms Lesley Henderson** van ARC vir hul waardevolle advies en leiding. Hul entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.

**Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur “Waterberg Nature Conservancy” tot voordeel van die gemeenskap**